



Die Evangelie van

Johannes

21 Dae Bybelstudie

Sessie 1

Lees [Johannes 1](#)

Johannes begin sy weergawe van Jesus se lewe met Jesus se geboorte. Ons sou verwag om 'n ster, 'n krip, beeste, engele wat sing, wyse manne en al die gewone dinge te sien, maar in hierdie inleiding van Jesus se lewe vertel Johannes nie van Jesus se begin nie, maar eintlik van ons eie begin.

Jesus is die inisierder van alles: die heelal, ons lewe en ons verlossing – alles is deur Jesus geskep en begin deur Jesus. Asof dit nie genoeg was nie, in die mees onverwagse daad van alles, kom Jesus en word deel van skepping as 'n mens wat tussen ons kom woon. Moenie hierdie mis nie: Jesus het vlees geword en in die buurt ingetrek wat Hy geskep het. Hy het in die straat bal gespeel saam met iemand se kind. Hy is skool toe en het honger geword. Hy het sy knieë geskraap en gehuil vir sy ma. Hy het groot geword en 'n werk gekry. Hy was 'n regte mens met regte menslike ervarings.

Hoekom sou Hy só iets doen? Johannes wil hierdie vraag vir ons beantwoord. By 'n troue, by 'n laatnag redenasie, langs 'n fontein, by die plaaslike hospitaal, met 'n verwerpte vrou, by 'n begrafnis van 'n vriend en in ander situasies wys Johannes vir ons wie is God. By dit alles gaan Jesus die risiko aan dat ons Hom sal misverstaan sodat Hy 'n verhouding met ons kan inisieer. Hy inisieer nie 'n verhouding met ons omdat ons dit werd is nie – Hy inisieer 'n verhouding met ons om vir ons 'n lewe te gee wat die moeite werd is om te leef. As ons kyk na wat Hy alles gedoen het, hoe moet ons lewe lyk in reaksie tot dit?

1. Wat het jy van Jesus geleer in hierdie hoofstuk?
2. Hoekom is dit so belangrik dat Jesus tussen ons as 'n mens kom woon het?
3. Watter volgende stap ervaar jy sê God moet jy neem? Wat keer jou om 'n tree vorentoe te gee?

Sessie 2

Lees [Johannes 2](#)

Het dit al ooit vir jou gevoel dat jy vir God wag? Dit voel asof jy al vir baie lank geduldig was en jy weet net nie wanneer God gaan deurbreek vir jou nie. Miskien wag God vir jou.

Johannes 2 beskryf 'n troue fiasko by Kana. Jesus en sy dissipels was by 'n troue gewees, toe Jesus se ma agterkom dat die wyn vir die gaste opgebraak het. Wyn was 'n belangrike gedeelte van troues in daardie kultuur. Om nie meer wyn te gehad het nie, was 'n groot ding. Toe Maria vir Jesus sien, het sy na Hom toe gegaan en vertel van die probleem. Jesus het die krag gehad om sy hand te waai en die troue te laat vloed met wyn, maar het Hy? Nee. Inplaas daarvan het Jesus vir die kelners 'n geleentheid gegee om deel te wees van 'n wonderwerk.

Jesus sê toe vir die kelners: “Maak die kanne vol water.” Hulle het dit tot bo toe volgemaak. Toe sê Hy vir hulle: “Skep nou daarvan uit en gaan gee dit vir die seremoniemeester.” Hulle het dit gedoen. Die seremoniemeester het nie geweet waar dit vandaan kom nie, maar die kelners wat die water uitgeskep het, het geweet. Toe die seremoniemeester die water proe wat wyn geword het, roep hy die bruidegom ([Joh. 2:7-9](#))

As gevolg van die gehoorsaamheid van die kelners, is 'n hele groep mense geseën met 'n wonderwerk. Dink net as die kelners nie die geloof gehad het om die een stap van gehoorsaamheid te neem nie. Jesus wil nie wonderwerke in jou lewe doen nie – Hy wil hê jy moet deel wees van hulle.

1. Wat het jy van Jesus geleer in hierdie hoofstuk?
2. Watter volgende stap van gehoorsaamheid ervaar jy vra God van jou?
3. Gee jy jou beste? Hoe sal dit lyk vir jou om jou “waterkanne” tot bo toe vol te maak?

Sessie 3

Lees [Johannes 3](#)

Of ons dit wil erken of nie, ons was al almal bang vir die donker. Wat is dit wat die donkerte so skrikwekkend maak?

Een ding is dat dit ons deurmekaar maak. As ons niks of niemand kan sien nie, voel ons geïsoleerd en alleen. Om te loop is moeilik want ons kan nie die paadjie sien nie. Alhoewel ons gewoonlik veilig is, hardloop ons verbeelding na allerhande gevaarlike moontlikhede wat ons kan omring.

Ons almal het al in die donkerte geleef op 'n stadium in ons lewe. Omdat ons nie die vermoë gehad het om in God te glo nie, het ons geleef met 'n konstante gevoel van alleenheid. Onseker waar om te loop, het ons goed gedoen wat ons eerder nie sal wil erken nie. So sleg as wat dit is, verkies ons baie keer eerder om in die donkerte te bly as om in die lig te kom. Ons dink die duisternis versteek die foute wat ons nie wil hê almal moet sien nie. Ons dink dat as mense die waarheid van ons weet, hulle ons sal oordeel, maar Jesus sê dit is veilig om ons sonde te bely. Hy beloof dat Hy nie gekom het om ons te veroordeel vir ons sonde nie, maar om ons te red van ons sonde.

Omdat Jesus ons betaling gedra het, ontvang ons totale vergifnis wanneer ons ons sonde in die lig bring. Om die waarheid te sê, God kan ons foute vir iets goeds gebruik as ons dit bely. Wanneer mense sien hoe God imperfekte mense gebruik om groot dinge te doen, lyk Hy selfs nog groter.

1. Wat het jy van Jesus in hierdie hoofstuk geleer?
2. Wat moet jy vandag bely en God vertrou om jou te vergewe?
3. Hoe reageer jy as mense hulle sonde aan jou bely? Vergewe jy of is jy geneig om te oordeel? Wat van jou reaksie moet verander as gevolg van die genade wat Jesus aan jou bewys het?

Sessie 4

Lees [Johannes 4](#)

Jesus stel nie belang om uit te hang saam met die “in groep” nie. In Johannes 4 begin Jesus ’n gesprek met ’n hoogs onwaarskynlike persoon – ’n Samaritaanse vrou wat al vyf mans gehad het. Haar geslag het haar minderwaardig gemaak in daardie kultuur. Haar ras het haar gekenmerk as een om te vermy. Haar lewenswyse en keuse het haar iemand gemaak om te oordeel, maar Jesus het al die sosiale grense wat skeiding moes bring geïgnoreer omdat Hy nie omgee wat mense dink nie – Hy gee om vir mense. Alle mense. Mense met seer. Mense wat soek. Mense wat swak keuses gemaak het. Honger en leë mense. Want dit beskryf eintlik almal van ons.

In [Johannes 4:15](#) praat die vrou van die gereelde gesukkel om na hierdie fontein toe te kom om haar dors te les. Op dieselfde manier het sy ’n paar keer teruggekeer na die “fontein” van gebroke verhoudings om haar leegheid te vul; om haar aanhoudende teleurstelling te les. In [Johannes 4:13-14](#) bied Jesus aan om ’n seer te genees wat die vrou nie eers besef het sy het nie. Vandag bied Hy dieselfde vir ons aan.

Terwyl ons opslurp wat die wêreld vir ons bied – geld, sukses, verhoudings, seks, besittings, vermaak – bly die genot net tydelik. Jesus bied vir ons vrede en vreugde en liefde en verhoudings wat vervulling bring. Jesus alleen vervul al ons behoeftes, les ons dors, hou vir altyd en stel ons nooit teleur nie. Hy nader tot ons in ons huidige situasie en bied aan om ons grootste behoefte te vervul – die behoefte aan ’n Verlosser.

1. Wat het jy van Jesus in hierdie hoofstuk geleer?
2. Hoe het jy al probeer om jou leegheid te vul met dinge van hierdie wêreld? Na watter sondes hardloop jy gereeld terug om die leegheid in jou hart te vul net soos die vrou haarself gekry het om oor en oor terug te kom na die fontein toe om haar dors te les,?
3. Hoe het jy Jesus se vrede en vreugde in jou eie lewe onlangs ervaar?

Sessie 5

Lees [Johannes 5](#)

Vir die grootste gedeelte van Johannes 5 praat Jesus met die Jode wat Hom kritiseer omdat Hy die man by die bad van Betesda genees het op die Sabbatdag. Die Jode het reëls en reëls en nogmaals reëls gehad oor wat goeie Joodse mense mag doen en nie mag doen nie. Een van daardie reëls het verhoed dat enige werk op die Sabbat gedoen mag word. Genesing was werk en volgens hulle reëls, moes dit net gebeur het op die ander ses dae van die week. Laat die belaglikheid van dit vir 'n oomblik insink. Die godsdienstige Jode het eintlik gesê, “hoe durf jy 'n wonderbaarlike genesing doen in teenstryd met die Joodse wet! Hoe durf jy hierdie man se lewe verander op die Sabbat! Hoe durf jy sy 38 jaar van sukkel beëindig! Sekerlik kon jy tot more gewag het!”

Jesus hou aan om hulle te berispe in [Johannes 5:39-40](#) waar Hy vir hulle uitwys hoe hulle die Skrif deeglik bestudeer, maar dat hulle dit nie glo nie. Die hele Bybel is oor Jesus – selfs die Ou Testament vertel vir ons van God se plan om sy Seun te stuur om ons te red. Die Jode het daardie Skrif baie goed geken, maar het gefaal om te besef dat Jesus die vervulling daarvan was.

As ons nie versigtig is nie, kan ons ook ons verhouding met Jesus verander in 'n klomp reëls wat ons moet volg, 'n klomp woorde wat ons lees en 'n klomp liedjies wat ons sing. Deur dit te doen kan ons vir Jesus en die wonderwerke wat Hy om ons doen mis.

1. Wat het jy van Jesus in hierdie hoofstuk geleer?
2. Hoe het Jesus al genesing in jou lewe gebring?
3. Hoekom is dit ons tendens om ons verhouding met Jesus te wil verander in 'n lys van goeie dade wat ons aftik? Watter veranderinge kan jy vandag maak om hierdie siklus te breek?

Sessies 6

Lees [Johannes 6](#)

Jesus voed 5,000 mense met vyf broodjies en twee vissies, loop op water in die middel van die nag en volg dit op met 'n verklaring aan 'n skare mense dat as hulle Hom wil volg hulle sy liggaam moet eet en sy bloed moet drink. Om die waarheid te sê, Johannes 6 is bietjie uitdagend. Nie omdat Jesus praat oor die eet van liggaam en bloed nie, maar omdat dit moeilik is om dit te aanvaar. Baie in die skare het dieselfde gevoel, “hieroor het baie van sy dissipels om gedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie.”

Om op water te loop en brood te vermeerder, vorm deel van 'n lang lys van wonderwerke wat ook insluit om blindes te laat sien en dooies opwek uit die dood. Jesus se wonderwerke en sy stelling van “eet my liggaam” vertel almal dieselfde boodskap: alles gaan oor Jesus. Ons sal nooit vervuld wees in hierdie lewe of in die volgende sonder Jesus nie. Aan die anderkant van daardie spektrum moet ons ook beseef dat as ons Jesus het, het ons eintlik alles.

Ek verstaan hoekom sommiges opgehou het om Jesus te volg. Hulle wou nie alles oorgee aan Jesus nie. Sommige mense het heel moontlik 'n groot vertoning gesoek, wou deel wees van iets groots of wou een of ander behoefte vervuld hê. Hulle wêreld was maar dieselfde as ons wêreld van vandag – kyk uit vir meer geld, meer dinge, meer opsies en meer godsdiens. *Meer en nog meer* was die fokus van hulle begeertes, dade en gesindhede.

Jesus praat in direkte kontras, “Ek is” die antwoord. Jesus het nie gekom om ons te los nog steeds met 'n begeerte nie. Hy het gekom om ons alles te gee. Hy is alles. Net soos Petrus kan ons met vreugde sê, “na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee” ([Joh. 6:68](#)).

1. Wat het jy van Jesus in hierdie hoofstuk geleer?
2. Wat is jy bang om oor te gee aan Jesus, indien enige iets? Is daar enige iets in jou lewe wat jou daarvan weerhou om 'n 100 persent oorgawe aan Hom te maak?

3. Dink jy dat jy 'n vol lewe leef? Hoekom of hoekom nie? Vra God of daar iets is wat Hy wil verander in hoe jy leef?

Sessie 7

Lees [Johannes 7](#)

Jy kan soms op alleen plekke kom as jy vir Jesus volg. Jesus se eie broers het sy goddelikheid bevraagteken en dit wil voorkom dat hulle Hom gespot het, Hom gedruk het om in die openbaar te gaan en vir almal te wys wie Hy werklik was. Jesus moes kritiek van sy broers en bure trotseer en selfs doodsdreigemente van die godsdienstige leiers wat aan sy kant moes wees.

Dieselfde mense wat Jesus se bediening moes ondersteun en onderhou, het teen Jesus gedraai, maar nog steeds het Hy die regte ding gedoen. Jesus het nie bitter of kwaad geword nie. Hy het nie wraak beplan of 'n openbare veldtog geloods om Homself te bevorder nie. In plaas daarvan het Jesus nie gekies om sy volwaardige plek as God in te neem nie. Hy het gekies om Homself te verneder, uit die verwarring te bly en geestelike verfrissing te bied aan enige iemand wat opsoek was na iets nuuts ([Joh. 7:37](#)).

Ons kan moed hou as ons ons lewe toevertrou het aan dieselfde Jesus wat regte lewensprobleme moes hanteer. Wanneer ons alleen en uitgelaat voel, kan ons weet dat Hy dieselfde gevoel het en in liefde reageer het. Ons kan bemoedig word met die wete dat Jesus moeilikhede moes ondergaan, maar dat dit Hom nooit oorwin het nie. Dit beteken hartseer, alleenheid en beproewings hoef ons nie te oorwin nie.

Maak nie saak wat jou omstandighede is nie, Jesus kan presies verstaan waar jy is en jou help om sterk te staan. Omdat Jesus alleenheid moes trotseer, hoef jy nie alleenheid alleen te trotseer nie.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Het jy 'n moeilike verhouding met iemand in jou lewe? Hoe kan jy anders teenoor daardie persoon optree omdat jy weet jy het die krag wat Jesus gee?
3. Stel jy 'n besluit uit omdat jy bang is wat die uitkoms daarvan gaan wees of dat jy moontlik verwerp sal word? Hoe kan jy voortgaan?

Sessie 8

Lees [Johannes 8](#)

Deur gebruik te maak van die Naam wat God vir Homself gegee het in [Eksodus 3:14](#), maak Jesus 'n waaghalsige stelling: "Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is." Die godsdienstige leiers het gehoor wat Jesus gesê het en byna van hulle kop afgeraak. Hulle was so kwaad dat hulle vir Jesus wou doodmaak. Die Fariseërs is deur die nasie Israel gesien as die hoogste gesag as dit by God se Woord gekom het en hulle het wonderlike kennis van die Skrif gehad. Jesus het Hom nie gesteur aan hulle dreigemente nie en het hulle herinner dat hulle die Skrif ken, maar nie vir God nie.

Wat 'n gevaarlike plek om te wees! Dit is moontlik om die Bybel van voor tot agter te ken, maar nie vir God nie. In Johannes 8 het die Joodse leiers genoeg van die Bybel geken om met Jesus te debatteer, maar hulle het dit nie toegepas in hulle lewe nie. Om die Bybel te lees en dit te doen moet ons altyd terug verwys na Jesus toe. Om die Bybel te ken is nie naastenby so belangrik as om vir Jesus te ken nie.

Wanneer ons die Bybel ken en dit toepas, lyk ons soos Jesus aan die begin van hoofstuk 8. Ons beskerm die hulpeloses, vergewe die sondiges, skep hoop in hopelose situasies en bestry selfgeregtigheid. Wanneer Skrif toegepas word wys dit ons na Jesus in plaas daarvan om ons voor te berei vir debat. Moenie hierdie punt mis as jy jou Bybel lees nie.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Soos jy jou Bybel vandag en oor die volgende paar weke lees, begin hierdie tyd elke keer deur vir God te vra om jou te ontmoet en jou toe te laat om Hom te ken, en nie net sy woorde nie.
3. Is daar 'n vers of 'n idee uit vandag se gedeelte wat jy kan toepas in jou lewe op hierdie oomblik? Hoe kan jou optrede en gesindheid verander deur in die Bybel van Jesus te leer?

Sessie 9

Lees [Johannes 9](#)

Wanneer Jesus iemand gesond gemaak het, was hulle lewe nooit weer dieselfde nie. Kan jy jouself voorstel hoe dit moet wees om te leef sonder enige sig? Wat jy van die wêreld verstaan is die prentjies wat ander mense geduldig vir jou geskets het in jou gedagtes. Johannes 9 beskryf 'n man wat van geboorte af blind was. Sommige van Jesus se dissipels was oortuig dat sy blindheid die oorsaak van sonde was – miskien syne of selfs sy ouers s'n. Jesus het hulle oortuig dat die rede vir sy blindheid nie sonde was nie, maar “sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word” ([Joh. 9:3](#))

As jy blind was, sou jy ook enige iets probeer het om genees te word? Kan jy jouself voorstel, “Maak my oë toe met 'n modderkoekie gemaak van spoeg? Goeie plan!” Want dit is presies wat Jesus gedoen het. Nadat Jesus sy oë bedek het met modder het Hy hom beveel om homself te gaan was. Binne 'n oomblik het sy donkerte in lig verander.

Die godsdienstige leiers het die wonderwerk oorsien omdat hulle seker wou wees dit het gebeur volgens hulle godsdienstige regulasies. Was hierdie dieselfde man wat blind was – die bedelaar? Indien wel, wie het hom genees? Het Jesus nie geweet Hy mag nie mense op die Sabbat genees nie? Hulle ondervraging is beëindig deur die blinde man wat gesê het: “Een ding weet ek wel: ek was blind, en nou sien ek” (Joh. 9:25).

Almal wat Jesus aangeneem het as Verlosser en Here het 'n *before and after* storie. Indien jy van die duisternis oorgegaan het na die lig, is jou storie geskryf sodat die werke van God in jou ten toon gestel kan word. Jou storie is net so 'n groot wonderwerk soos die storie in Johannes 9. Jy was blind en nou sien jy.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Met wie moet jy jou storie vandag deel? Is jy nie seker waar om te begin nie? Gaan na kerk@kerk.co.za om te begin oefen om jou storie te deel.

3. Indien jy nog nie jou lewe vir Jesus gegee het nie, is vandag die perfekte dag om met iemand te gesels oor Jesus. Epos kerk@kerk.co.za om met iemand te gesels.

Sessie 10

Lees [Johannes 10](#)

Hoe kan ons oorvloedige lewens leef? Ons almal wil dit hê, maar ons kan nie sê hoe totdat ons nie op 'n belangriker vraag fokus nie: Wat of wie is die bron van ons oorvloedige lewe?

Jesus sê in [Johannes 10:10](#), “'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.” Om iets anders as Jesus na te jaag, steel dit waarmee God jou geseën het en verwoes jou drome en doel in hierdie lewe. Jesus, en slegs Jesus, herstel die seën wat gesteel is, blaas lewe in drome in wat dood is en gee aan ons lewe 'n doel. Besittings kom en gaan net soos die vreugde wat hulle bring. Die enigste manier om ware geluk te vind wat nooit vergaan nie, is om iets te hê wat nie vergaan nie. 'n Lewe van oorvloed kom van Jesus wat nooit faal nie.

Indien jy enige persoon met die grootste huis, vinnigste kar of grootste bank rekening sou vra, sal hulle jou vertel dat hulle vind hulleself nog steeds streef na meer. Maar indien jy iemand sou vra wat vir Jesus Here van hulle lewe gemaak het, sal hulle jou sê dat hulle geseënd is meer as wat hulle ooit sou kom dink. 'n Lewe apart van Jesus sal jou altyd los met iets wat kort, maar 'n lewe gesentreerd om Jesus is 'n lewe van oorvloed.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Na wat streef jy in hierdie lewe? Hoe verskil dit waarna jy streef van dit waarna Jesus toe gestreef het?
3. Wat is sommige van die algemene strukke wat ons daarvan weerhou om die lewe van oorvloed te leef wat Jesus beloof het?

Sessie 11

Lees [Johannes 11](#)

Het jy al ooit gewonder oor God se tydsberekening? Jy is verseker nie alleen nie. Sommige van Jesus se naaste vriende het ook daarvoor gewonder. Lasarus het dodelik siek geraak en sy sussies, Maria en Marta, het vir Jesus om hulp gevra. Hulle het geweet dat Jesus rond gereis het en dat sy bediening baie groot geword het, maar Hy was 'n goeie vriend van hulle. Sekerlik kon Hy 'n paar minute afstaan om hulle broer te genees. Maar Jesus het nie opgedaag nie. Toe Jesus twee dae later opdaag, was dit te laat. Lasarus was reeds dood.

Marta en Maria was nie net hartseer nie, maar ook ontsteld oor die feit dat dit lyk asof Jesus nie omgee het nie. “Marta sê toe vir Jesus: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie. Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra.” Jesus sê toe vir haar: “Jou broer sal uit die dood opstaan.”” ([Joh. 11:21-23](#)). Deur net daardie woorde te hoor het die susters seker gewonder, “Wat dink U op die oomblik Here?”

Soos hulle op pad was na Lasarus se vier dae oue graf, het Marta weer Jesus se tydsberekening bevraagteken? Sy reaksie teenoor haar vraag was duidelik. “Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?” Nadat Jesus God gedank het, het Hy uitgeroep, “Lasarus, kom uit!” En hy het. Lasarus wat nog toegedraai was met grafdoeke maar totaal lewendig, het uit die graf gestap.

Miskien het jy al Jesus se tydsberekening bevraagteken. Jy het dalk presies geweet wanneer Hy moes opdaag en wat Hy moes doen, maar dit het nie uitgewerk soos jy dit beplan het nie. Selfs al verstaan ons nie, kan Jesus nog steeds vertrou word.

[Jesaja 55:8-9](#) sê, “My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.”

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Het jy al ooit God se tydsberekening bevraagteken? Wat het jy uit daardie situasie geleer?

3. Indien jy onseker is oor God se tydsberekening in 'n huidige situasie, sal jy dit aan Hom oorgee? Hoe kan vertroue in God se tydsberekening jou gedagtes en gesindheid oor omstandighede verander?

Sessie 12

Lees [Johannes 12](#)

Wat sal jy as jou mees waardevolle besitting beskou? Miskien is dit 'n kar, 'n familie erfstuk, 'n rekenaar of jou huis. Ons het almal goed waaraan ons waarde heg en wat ons met groot sorg onderhou.

Aan die begin van Johannes 12 sien ons die item wat Maria as waardevol beskou – 'n bottel duursame parfuim gemaak van nardusolie. Hierdie parfuim was nie vir Maria net iets wat lekker geruik het nie, dit was omtrent 'n jaar se salaris werd gewees. Maria het nie net hierdie parfuim vir 'n spesiale dag gebêre nie, hierdie bottel was haar finansiële sekuriteit.

In 'n daad van aanbidding, het Maria hierdie olie op Jesus se voete uit gegooi. Sy het op die grond neer gekniel en Jesus se voete gewas, sonder om ag te slaan op die opinies van ander. Maria het alles gegee. Sy het gegee sonder om te weet of sy deur die dag sou kom, maar het nog steeds vir Jesus vertrou. Sy het so baie gegee dat die dissipels vir haar gesê het dat sy te veel gegee het.

Om Maria se situasie in vandag se terme uit te druk: die gemiddelde Suid-Afrikaner maak R320,000 'n jaar. Dit sal wees om volgende Sondag kerk toe te gaan en te voel dat jy jou volle jaar se salaris moet gee. Dit is mal! Maar tog is dit dieselfde manier hoe God vir ons gegee het. God het sy beste gegee – sy Seun, Jesus! God roep ons nie net tot groot geloof nie, maar ook tot groot vrygewigheid.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Wat hou jou terug om jou sekuriteit by Jesus se voete uit te stort? Hoe wys hierdie hoofstuk ons dat ons Jesus kan vertrou met dit waaraan ons die meeste waarde heg?
3. Is daar enige iets in jou lewe wat jy nog nie vir Jesus gegee het nie?

Sessie 13

Lees [Johannes 13](#)

Ons almal moes al stoei met vergifnis. Ons kan nie wegkom van gevoelens waar mense ons seer gemaak het of te nagekom het nie. Dieselfde geld vir Jesus. In Johannes 13 is Jesus vir ons 'n voorbeeld van vergifnis wat maak dat ons nie wrokke kan hou nie. Hy sit by die tafel saam met sy dissipels, ten volle bewys dat twee van hulle, Judas en Petrus, Hom gaan verraai en verloën.

Jesus se vergifnis het verder gestrek as om net te sê, "Ek vergewe jou". Vergifnis is nie net iets wat Hy sê nie, maar iets wat Hy in daade bewys. Jesus kniel en was hulle voete – ook Petrus en Judas s'n. Hy maak geen uitsondering nie. Hy gee sy vergifnis vir almal, maak nie saak wat hulle gedoen het of gaan doen nie.

Ons kan baie keer hierdie hoofstuk lees en in verwondering wees dat hierdie twee by die tafel saam met Jesus gesit het en dan daarna hulle rug op Hom gedraai het. Ons kan selfs wonder hoe Jesus vergifnis vir hierdie twee mans kan gee, maar ter selfde tyd dink ons dat ons nie dieselfde kan optree teenoor die mense wat ons seer gemaak het nie.

Waar die verandering kom is wanneer ek en jy besef dat ons dieselfde is as die twee mans wat by die tafel saam met Jesus gesit het. Ons is dié wat God nie erken nie en nog steeds was Hy ons voete. Ek en jy was ver van die Here af. Ons het Hom nie erken in ons lewe nie en Hom verwerp in ons keuses, maar nog steeds het Hy na ons gekom. Daardie tipe genade kan nie net stop by die een wat die voordeel daaruit trek nie – ons moet ook genade aan ander bewys.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Het jy al Jesus se vergifnis in jou lewe aanvaar? Is daar dinge in jou lewe of verlede wat jy nie dink Jesus ooit sal kan vergewe nie?
3. Aan wie in jou lewe moet jy vergifnis bewys? Hoe kan jy vandag daardie persoon vergewe?

Sessie 14

Lees [Johannes 14](#)

Gehoorsaamheid is nie altyd maklik nie! Dit is ten minste waar as jy die een is wat gehoorsaam moet wees en nie die een is wat die opdragte uitdeel nie. In Johannes 14, maak Jesus dit baie duidelik wie is in beheer – Hy is gehoorsaam aan die Vader.

Ons kan 'n kort definisie van gehoorsaamheid in [Jakobus 1:22](#) kry: “Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.” 'n Belangrike gedeelte van gehoorsaamheid is om die Bybel te lees. Maar om die woorde te lees, is net die eerste stap van gehoorsaamheid. Die volgende stap, en die belangriker stap, is om daardie woorde oor te sit in aksie. Wanneer ons iets lees om vir die armes te gee, moet ons dit doen. Wanneer ons lees van vergifnis teenoor mense, moet ons dit doen. Dit is ware gehoorsaamheid.

In [Johannes 14:15-23](#) vertel Jesus ons hoekom gehoorsaamheid so belangrik is. Hy verbind ons gehoorsaamheid met ons liefde vir Hom. Hy sê ons liefde vir Hom sal ons 'n begeerte gee om gehoorsaam te wees aan Hom. Soos wat ons meer van Hom leer en al hoe liefwer raak vir Hom, sal ons niks meer wil hê as om soos Hy te wees nie. Die liefde van God wek gehoorsaamheid in ons, nie andersom nie.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Watter areas van jou lewe lyk nie baie soos Jesus nie?
3. Watter een ding kan jy vandag begin doen sodat jou lewe meer soos Jesus lyk?

Sessie 15

Lees [Johannes 15](#)

Dooie takke produseer nie vrugte nie. Dit is nie nodig om dooie takke te snoei nie – hulle word sommer afgesny. Snoei is nie net vir takke nie, maar ook vir mense wat lewe, wat vrug produseer, wat vir Jesus soek, wat met Hom verbind, wat Hom volg en wat groei en verander.

Liefde is 'n vrug. Geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, vreugde, getrouheid en selfbeheersing is almal vrug ([Galasiërs 5:22-23](#)). Hierdie karaktereienskappe is duidelik sigbaar in mense wat aan Jesus (die wingerdstok) verbind is. Wat ander mense sien, is bloot net 'n weerkaatsing van wat binne ons aangaan. As 'n volgeling van Jesus moet ander mense vrug in jou lewe sien. As jy nie vrug in jou lewe sien nie, is dit miskien tyd om aan Jesus verbind te raak. Raak verbind aan die bron wat vir jou lewe in oorfloed sal gee en daardie vrug te voorskyn sal bring.

Indien jy in 'n seisoen van snoei is, is dit omdat jy aan Jesus verbind is. Jy is besig om te groei, om te verander en Hy is besig om jou in iets te verander wat mooier en sterker en beter is as wat jy nou is. Jesus wil nie hê dat jy dieselfde moet bly nie – Hy wil meer vir jou hê. Hy wil die beste vir jou lewe hê! [1 Petrus 5:7](#) sê, “Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.” Hy gee om vir jou en alhoewel die proses dalk ongemaklik en vol seer is, wil Hy jou graag verander omdat Hy weet daar is soveel meer wat vir jou wag. Hy wil jou beter maak omdat Hy omgee vir jou.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Is daar bewyse van vrug in jou lewe?
3. Watter praktiese maniere kan jy volg om verbind te bly aan Jesus en te groei in jou verhouding met Hom?

Sessie 16

Lees [Johannes 16](#)

Ons sal dit moeilik hê in hierdie wêreld – dit is ’n feit. Maar daar is hoop! In Johannes 16, verduidelik Jesus vir sy dissipels dat alhoewel Hy die aarde sou verlaat, hulle nie alleen gelaat sou word nie. As gelowiges het ons die Heilige Gees wat binne ons bly. Hy is ons Vertrouster, ons vrede, ons krag en die Een wat ons leer. Dit was deel van God se plan van die begin af. Die Heilige Gees is gereed en beskikbaar om deel te wees van enige iemand se lewe. God het ons nie alleen gelos om self deur die lewe te sukkel nie.

Afhangend van jou agtergrond kan jy dalk die idee van die Heilige Gees snaaks of vreesagtig ervaar, maar die Heilige Gees is ’n geskenk van God en God gee net goeie geskenke. Die Heilige Gees se hoofsaak is om ons te vertroos, ons te bemoedig en ons te laat verstaan.

God het die Heilige Gees vir ons gestuur om ons te lei en te vertroos. Die Heilige Gees korrigeer ons en wys sonde in ons lewe uit waaraan ons moet aandig gee. Hy rig ons, druk dinge op ons hart en leer ons soos ons volgende stappe neem in ons geloof. Die Heilige Gees openbaar ook waarheid aan ons – waarheid wat verandering teweeg bring in ons harte, gedagtes en karakter soos ons Hom soek en gehoorsaam. Hy gee vir ons vrede, vertroosting en krag. Hy is ons vriend.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Is daar op die oomblik iets wat die Heilige Gees op jou hart druk? Is daar ’n volgende stap wat jy moet neem of ’n sonde waaraan jy moet aandag gee?
3. Vertrou jy die Heilige Gees en weet jy dat Hy altyd by jou is? Hoekom of hoekom nie?

Sessie 17

Lees [Johannes 17](#)

As jy wil weet wat iemand van God dink, luister na hulle gebede. Vra hulle God net vir rykdom en besittings of vir ander mense se verlossing? Maak hulle appèl op God se ingryping soos hulle 'n besigheidsvoorlegging sou doen of soos 'n kind wat pleit by sy vader?

In Johannes 17 kan ons bietjie insig kry in een van Jesus se gebede aan God. Alhoewel dit net oomblikke is voordat Hy verrai, geslaan en gekruisig sou word, neem Jesus tyd om vir sy dissipels te bid. Hy wys sy omgee nie net vir die mans wat Hy al 'n paar jaar opgelei het nie, maar ook vir die wat sy boodskap sou hoor – ons ingesluit.

Die intimiteit en bekendheid waarmee Jesus met God praat is baie duidelik. Van alle ewigheid af, selfs voor die grondlegging van die aarde, het Jesus en God die Vader 'n perfekte, liefdevolle verhouding gedeel. Deur Christus, is dit vir jou moontlik gemaak om deel te hê aan hierdie verhouding. Jy het die ewige lewe en versoening na 'n liefdevolle en intieme verhouding met God deur Jesus gekry.

God is nie ver nie en Jesus se besorgdheid oor jou is nie verwyderd nie. Hy het vir jou gebid. Selfs vandag is Jesus langs die Vader en hou Hy aan om vir jou voorspraak te maak ([1 Johannes 2:1](#)). Sê vandag vir die Here dankie dat Hy dit moontlik gemaak het vir jou om in 'n verhouding met Hom te wees deur Jesus.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Hoe bemoedig die feit dat Jesus vir jou gebid het jou?
3. Hoe kan jou vrymoedigheid in God se liefde vir jou, jou optrede beïnvloed selfs wanneer mense jou haat (vers 14)?

Sessie 18

Lees [Johannes 18](#)

Sommige dae gaan ons alarms nie af nie, karre wil nie aanskakel nie en niks gaan volgens plan nie, maar selfs daardie oomblik vergelyk nie met tye wanneer iemand sy werk verloor, of sy vrou verloor of gediagnoseer word met 'n ongeneeslike siekte nie. Ons toekoms is onvoorsiene en soms op die slegste maniere.

Dit wat ons sien in Johannes 18 is 'n onvoorsiene tragedie. Jesus word verraai deur een van sy naaste vriende. Hy word gearresteer en geboei deur 'n afdeling soldate en wagte. Dan word Hy ondervraag en behandel soos 'n misdadiger. Dit wil voorkom asof alles verkeerd geloop het.

Maar in werklikheid was alles besig om volgens plan te verloop. Johannes maak dit duidelik dat Jesus nie 'n slagoffer van omstandighede was nie, maar ten spyte van hoe dinge gelyk het, was Hy in beheer van alles. Jesus het hierdie gebeure voorspel. Hy het Homself aan hulle oorgegee omdat Hy "gewees het van alles wat oor Hom gaan kom" ([Joh. 18:4](#)) en Hy het vir Pilatus gesê, "Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom" ([Joh. 18:37](#)). Hoe sou Jesus aanhou om Homself aan die situasie te onderwerp? Hy het God se perfekte plan vertrou.

Op dieselfde manier as wat Jesus in die goedheid van die Vader vertrou het ten spyte van sy omstandighede, kan ons vertrou dat God in volle beheer is van elke aspek van ons lewe. Selfs as gebeurtenisse buite ons beheer is, kan ons vertrou dat God genadig is en dat God alles ten goede sal laat meewerk ([Romeine 8:28](#)). Dank God vandag vir sy goedheid en sy outoriteit oor alle omstandighede. Vra Hom om jou te herinner aan hierdie waarheid in die tye wanneer dit moeilik gaan.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Hoe kan die wete dat God in beheer is van alle omstandighede verander hoe jy na die moeilike omstandighede in jou lewe kyk?

Sessie 19

Lees [Johannes 19](#)

Net voordat Jesus sy laaste asem uitgeblaas het, het Hy gesê, “Dit is volbring.” Jesus het klaar gemaak dit wat ons nie kon nie.

In sy drie jaar van bediening het Jesus die taak wat aan Hom gegee is voltooi. Hy het vrywillig gekies om Homself te offer wetend dat sy dood sou betaal vir die boete van ons sonde en dat Hy vir ons ’n manier sou skep om ’n verhouding met God te kan hê. Ons is in sonde gebore en daar is skeiding tussen ons en God. Om Jesus te aanvaar as ons Verlosser is die enigste manier om die verhouding tussen ons en God te herstel. Jesus het klaar gemaak wat ons nie kon nie.

Jesus het alles klaar gemaak sodat ons kan glo. Johannes sê in [vers 35](#) dat hierdie getuienis van Jesus gegee is, “sodat julle ook kan glo.” Die gebeurtenisse van Jesus se dood op die kruis is opgeteken na aanleiding van ’n ooggetuie se getuienis. Ek en jy was nie daar om dit met ons eie oë te sien nie, maar iemand het hierdie dinge gesien gebeur en dit vir ons opgeteken. God het vir ons iets tasbaar gegee om in te glo deur sy Seun, Jesus, aarde toe te stuur. Jesus het sy lewe gegee om sodoende ’n pad te skep vir ons om te kan lewe ([Joh. 10:10](#)).

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Watter areas van jou lewe lyk of voel te oorweldigend om klaar te maak? Watter krag kan jy van Jesus kry?
3. Jesus het gesê dat Petrus Hom sou verloën, maar dat Hy later sou terugkom om Christus te volg ([Lukas 22:31-34](#)). Dra jy dalk die vrees dat Jesus verras is deur jou sonde? Wat beteken dit vir jou om te weet dat Jesus jou sal liefhê maak nie saak wat jy al gedoen het of sal doen nie?

Sessie 20

Lees [Johannes 20](#)

Ons kultuur het 'n obsessie met die idee dat enige iemand 'n nuwe lewe kan begin. Ons kyk na televisie reekse wat ons oortuig dat almal baie vinnig roem kan verwerf. Ons hou van die idee dat ons enige iets kan word solank ons net hard genoeg probeer, maar die realiteit is dat ons geen hoop het om onself te verander nie. Die enigste manier hoe ons van sondige gewoontes kan ontslae raak is deur 'n verhouding met Jesus wat moontlik gemaak is deur sy dood en opstanding.

Op die kruis het Jesus Homself met ons sondes bekleed. Toe Petrus en Johannes in die leë graf in gekyk het, het hulle gesien dat Jesus nie daar was nie, behalwe die grafdoeke. Johannes 20 wys vir ons dat Jesus ons sondige natuur in die graf gelos het toe Hy uit die dood opgestaan het.

Ons hoef nie beheer te word deur ons begeerte om te sondig nie. Die hoop van die opstanding is dat ons nie meer ons ou lewens hoef te leef nie. Nie net hoef ons nie meer met sonde bekleed te wees nie, maar die opstanding beteken ons word ook bekleed in iets beters! In [Kolossense 3:12](#) (AO) sê Paulus, “Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.” Wanneer ons Jesus volg, gee dit ons die geleentheid om weg te doen met ons ou lewe en met 'n nuwe lewe te begin.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Met watter ou gewoontes moet jy wegdoen?
3. Watter dinge wil Jesus hê moet jy begin doen?

Sessie 21

Lees [Johannes 21](#)

“Jy kry nooit ’n tweede kans om ’n eerste indruk te maak nie.” Hierdie frase het dalk al by jou gespook voor ’n werksonderhoud of ’n eerste *date*. Soms maak ons verkeerde afleidings oor mense gebaseer op ons eerste indruk van hulle. Soms het ons ’n verhouding met iemand en sukkel ons om vir hulle ’n tweede kans te gee omdat hulle sonde ons teleurgestel het. Die druk is hoog in ons samelewing om ’n goeie eerste indruk te maak. Indien ons slaag, is ons geneig om versigtig te bly – as iemand “dit” van ons moet weet, sal hulle nie meer met ons geassosieer wil word nie.

Petrus het Jesus verloën nadat hy beloof het hy dit nooit sou doen nie. Selfs nadat Petrus vir Jesus weer lewendig gesien het, gaan hy nog steeds terug see toe en doen weer wat hy gedoen het voordat Jesus hom geroep het. Hy moes ’n oorweldigende gevoel van skaamte en verlies ervaar het toe hy daardie dag die boot reg gekry het om te gaan visvang. Hy het dit alles vernietig en kan niks meer vir God beteken nie! Hy kan net sowel teruggaan na sy ou werk want sekerlik kan God nie ’n verraaier soos hy gebruik om die goeie nuus te versprei dat Jesus vir ons sondes gesterf het en weer lewendig was nie.

[Psalm 103:10](#) sê, “Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie.” Alles wat Petrus gevrees het is uitgewys as ’n leuen deur Jesus se dood en opstanding. Dankie tog Hy het nie vir Petrus alleen gelos nie. Hy het hom vergewe en hom op ’n missie gestuur om sy Woord te verkondig. Wat ’n wonderlike beskrywing van liefde as Jesus teruggaan na dieselfde omstandighede waar Hy die heel eerste keer vir Petrus geroep het om Hom te volg, en vir hom ’n tweede kans gee.

Ons is nie onbruikbaar deur God as ons droog maak nie. Om die waarheid te sê wanneer God ons sondes vergewe en ons nog steeds gebruik, is ons lewens ’n getuienis van Jesus se liefde en krag.

1. Wat het jy in hierdie hoofstuk van Jesus geleer?
2. Het jy ’n sonde gedoen wat jou laat voel jy is niks meer werd vir God nie? Is jy bereid om mense se opinie van jou te trotseer om hulp te kry wanneer jy dit nodig het?
3. Vergewe jy ander mense?



Bloemfontein Baptiste Kerk

Kantoor: 051-451 1017

www.kerk.co.za



Bloemfontein Baptiste Kerk